# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

MONDAY, 25 MARCH 2024

1. The House met at 10:00.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [10:03] The Deputy Speaker announced that, due to the resignation of Mr M Kama, a vacancy occurred in the representation of the African National Congress in the Western Cape Provincial Parliament. This vacancy has been filled by the nomination of Ms P Harris with effect from 13 March 2024. The Member had taken the oath in the Speaker's office on 13 March 2024.

4. [10:04] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

5. [10:05] FIRST ORDER

   Consideration of principle of the Western Cape Appropriation Bill [B 1–2024] (Minister of Finance and Economic Opportunities).

   Debate concluded.

   Principle of Bill approved (ANC dissenting).

6. [11:55] SECOND ORDER

   Consideration of Report of the Standing Committee on Finance, Economic Opportunities and Tourism on the recommendations for the appointment of candidates to the Western Cape Consumer Affairs Tribunal, dated 29 January 2024 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 11, dated 1 February 2024, p 111).

   Declarations of vote made on behalf of Al Jama-ah, FF Plus and DA.

   Question put: That the Report of the Standing Committee on Finance, Economic Opportunities and Tourism be adopted.

   Question agreed to.

   The Report accordingly adopted.

7. [12:00] THIRD ORDER

Consideration of Report of the Standing Committee on Infrastructure on the Expropriation Bill [B 23D–2020] (NCOP), dated 13 March 2024 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 36, dated 18 March 2024, p 213). (Ratification of final mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, ACDP, FF Plus, Al Jama-ah and DA.

Question put: That the Report of the Standing Committee on Infrastructure on the Expropriation Bill [B 23D–2020] (NCOP) be adopted.

Question agreed to.

The Report accordingly adopted (ANC and Al Jama-ah dissenting).

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP not to support the Bill was ratified.

8. [12:10] FOURTH ORDER

Consideration of Report of the Standing Committee on Infrastructure on the Housing Consumer Protection Bill [B 10D–2021] (NCOP), dated 18 March 2024 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 37, dated 19 March 2024, p 214). (Ratification of final mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, ACDP, Al Jama-ah and DA.

Question put: That the Report of the Standing Committee on Infrastructure on the Housing Consumer Protection Bill [B 10D–2021] (NCOP) be adopted.

Question agreed to.

The Report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

9. The House adjourned at 12:25.

Digitally signed by Romeo Adams Date: 2024.04.04 17:40:13 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

MAANDAG, 25 MAART 2024

1. Die Huis kom om 10:00 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [10:03] Die Adjunkspeaker kondig aan dat ŉ vakature in die verteenwoordiging van die African National Congress in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement ontstaan het weens die bedanking van mnr M Kama. Hierdie vakature is gevul deur die benoeming van me P Harris met ingang 13 Maart 2024. Die Lid het op 13 Maart 2024 die eed in die Speaker se kantoor afgelê.

4. [10:04] Die Adjunkspeaker doen ʼn algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

5. [10:05] EERSTE ORDER

   Oorweging van beginsel van die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp [W 1–2024] (Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede).

   Debat afgesluit.

   Beginsel van die Wetsontwerp goedgekeur (met teenstem van die ANC).

6. [11:55] TWEEDE ORDER

   Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme oor die aanbevelings vir die aanstelling van kandidate in die Wes-Kaapse Verbruikersaketribunaal, gedateer 29 Januarie 2024 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 11, gedateer 1 Februarie 2024, bl 111).

   Stemverklarings namens Al Jama-ah, VF Plus en DA.

   Vraag gestel: Dat die Verslag van die Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme aangeneem word.

   Vraag goedgekeur.

   Die Verslag is dus aangeneem.

7. [12:00] DERDE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Infrastruktuur oor die Onteienings-wetsontwerp ("Expropriation Bill") [W 23D–2020] (NRVP), gedateer 13 March 2024 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 36, gedateer 18 Maart 2024, bl 213). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Stemverklarings namens die ANC, ACDP, VF Plus, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die Verslag van die Staande Komitee oor Infrastruktuur oor die Onteieningswetsontwerp ("Expropriation Bill") [W 23D–2020] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die Verslag is dus aangeneem (met teenstem van die ANC en Al Jama-ah).

Die mandaat wat bevoegdheid verleen aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP om nie die Wetsontwerp te steun nie, is bekragtig.

8. [12:10] VIERDE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Infrastruktuur oor die Wetsontwerp op Beskerming vir Behuisingsverbruikers ("Housing Consumer Protection Bill") [W 10D–2021] (NRVP), gedateer 18 March 2024 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komitee-verslae, no 37, gedateer 19 Maart 2024, bl 214). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Stemverklarings namens die ANC, ACDP, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die Verslag van die Staande Komitee oor Infrastruktuur oor die Wetsont-werp op Beskerming vir Behuisingsverbruikers ("Housing Consumer Protection Bill") [W 10D–2021] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die Verslag is dus aangeneem.

Die mandaat wat bevoegdheid verleen aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

9. Die Huis verdaag om 12:25.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement